Handvaardighede

"Wanneer jy skep, deel jy iets van jou dieper self met ander."
- Anoniem

Doelwit: *Om die Verkenner se handvaardigheid en kreatiwiteit te ontwikkel.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
1. 'n Voortrekker glo in die drie-enige God en dien Hom.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Met die aanbied van hierdie spesialisasie word daar veral aandag geskenk aan burgerskap en Christenskap. Die Verkenner sal leer hoe om te skep tot voordeel van homself en sy medemens. Op die manier leer die Verkenner ook om sy Godgegewe gawes te gebruik en te ontwikkel.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	Projekgedrewe	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word. • Slegs handgemaakte of selfontwerpte projekte is aanvaarbaar. • Doen leeswerk of kort kursusse oor verskillende handwerkvorme. • Ondersoek kreatiewe idees.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Verskillende handwerkvorme bemeester.*
2. *Kennis dra oor die werking van **vyf** van die volgende tegnieke (ten minste 2 moet uit elke afdeling kom):*

Afdeling A
2.1 Papiertegnieke (bv. kaartjiemaak, papiermashe, teesakkievou, lacé, irisvou papierquilling, pergamano,ens.).
2.2 Kleitegnieke (bv. potterbakkersklei, papierklei, fimo, ens.).
2.3 Kralewerk (bv. ryg, brei, hekel, tolletjiebrei, vleg, ens).
2.4 Kalligrafie (drukskrif, rondeskrifpen, unsiaalskrif, Ierse letters, Capitalis Rustica, ens.).
2.5 Decoupage (op glas, hout, metaal, plastiek, ens).
2.6 Repousse (op hout, metaal, ens).
2.7 Fotoplakboek-tegnieke (rame, kleurkeuses, plaktegnieke, skryftegnieke, fotoverwerkingstegnieke, sny/kniptegnieke, ens).
2.8 Gietwerk (gips, sement, ens.)
2.9 Kersemaak.
2.10 Seepmaak.

Afdeling B
2.8 Materiaalverf (drukwerk, stenselwerk, verftegnieke ens.).
2.9 Breiwerk.
2.10 Tolletjiebrei.
2.11 Hekelwerk
2.12 Borduurwerk.
2.13 Lintwerk.
2.14 Naaldwerk.
2.15 Kwiltwerk..

2.16 Appliekwerk.
2.17 Draadtegnieke (bv. vorming, draai, heg, ens.).
2.18 Mosaïek (bv. op hout, glas, sement, keramiek, ens).
2.19 Hout (bv. natrek, skuurwerk, saag, verf, grafeer, ens.).
2.20 Piouter (bv. laereliëf, hoëreliëf, veelvlakkig, uitsny/uitknip, kleur, tekstuur, ens).
2.21 Ander metaalwerk (koper, yster, ens).
2.22 Glaswerk (bv. loodglas, glasverf, "paint appeal", sandblaas, ens.).
2.23 Verfafwerkings (bv. kamwerk, slaanwerk, spatwerk , sponswerk, ens).
2.24 Leervormwerk (bv. vervorming en uitbeelding).
2.25 Houtsnywerk (bv. platreliëf, 3d, beeldhou).
2.26 Rottangwerk.

3. *'n Handwerktegniek aan die span illustreer, leer en elkeen help om 'n projek in hierdie tegniek tydens 'n spanbyeenkoms te voltooi.*

4. ***Drie** unieke selfskeppings maak, waarvan ten minste een uit elke afdeling soos bo genoem. Dit is belangrik dat die Verkenner met 'n kreatiewe benadering die projekte voltooi en nie bloot iemand anders se werk na-aap nie. 'n Kombinasie van tegnieke kan ook gebruik word.*